


DWARS

Bydrae: ( )
Uitslae: Opsaal No 2.

1 Tom se draai?
8 So iets vind ons dikwels in die berge
11 Juigkreet (as ons bergpiek bereikhet?!)
14 Bybelboek (wat bose tye soortgelyk aan ons s'n beskryf)
18 Geen tyd daarvoor op ons Dinsdagstappe nie!
21 Ons stap dikwels hierdeur
24 Diaz sou só "Ja" gesê het
26 Romeinse syfer vir 1000
27 Hy kan maar goed steek as ons sonder hoofbedekking stap
30 Sertifikaat (wat elke stapper verdien na voltooiing van Noordstasie-Damwal roete
34 Vreugde-uitroep (wanneer ons weggevoer word deur natuurskoon)
36 As hulle nie gerieflik pas nie, sal daar pyn en ellende wees
43 'n Goeie een is nie juis welkom in bewaringsgebiede nie
47 Neem vir jou (rosyne of neute - water moet elkeen self saamdra)
49 Mooi vallei in Langeberge
52 Bevestigend
54 Lengte (afkorting)
55 Dit sal Kitty gebruik as ons omgewing besoedel!
62 Wat ons verloor as ons gereeld stap
65 Sulke vrienskappe word op die wandelroetes gesmee

AF

1 Hierdie "Lodge" was onlangs sterk in die nuus
2 Hierdie laag word in die atmosfeer bedreig
5 Gebou in George wat onlangs gerestoureer is
6 Handig om daarop te blaas wanneer ons verspreid in die berg stap
7 Hooftooisel (darem nie geskik vir ons voetslaners nie!)
8 Vader (ons s'n is Hennie Mouton)
17 Slag se geluid
27 Hopelik sal dit nooit vir ons nodig wees om so 'n sein uit te stuur nie
30 Afrikaanse Kultuur Unie (afkorting)
33 Tog te lekker om dit te bereik na 'n laááág staptog!
36 Dit mag nie geskiet word in bewaringsgebied nie
41 Het die veteraanstappers dit onder hulle voete?
43 Sit tog nuwes aan anders gly jy
53 Wier (nie so lekker om in water te swem waarin dit voorkom nie)

Hennie

# OPSAAL!



No 1

1993.



GEORGE

VOETSLAANKLUB - BERG & DAL - HIKING CLUB



## Stap saam met my

*Met groot dankbaarheid in my hart teenoor die Liewe Heer wat alles vir my gegee het om te geniet, begin ek hierdie taak.*

*Hy gee aan my die gesondheid om al die pragtige dele in ons land te bewonder en dit weer met ander te deel. Ek weet hy sal my ook dra met die nuwe taak, wat ek na die beste van my vermoë sal uitvoer.*

*Dit is dus vir my 'n vreugde om die 2de Opsaal saam te stel. Die gehalte sal nooit uitgawe een kan bereik, maar ek vra almal om asseblief nie na die gehalte te kyk nie. Vir my en ek glo vir almal gaan dit ook oom die samebinding van on stappers.*

*Ons wil saam die lief en leed deel nie waar nie?*
*Ons is mos soos 'n familie nie waar nie?*
*Die boekie is egter afhanklik van u bydrae. Stuur aseblief dadelik alle bydraes aan my.*
*"Kom stap saam met my" en ondersteun my asseblief*
*Ek is net een,*
*maar ek is iemand*
*Ek kan nie alles doen nie*
*nogtans kan ek iets doen*
*En omdat ek nie alles kan doen nie,*
*gaan ek nie weier om die iets te doen wat ek kan doen nie.*
*Groete en min blare!*
*ANNEKIE NEL*

*Who knows a mountain?*
*One who has gone*
*to worship its beauty*
*in the dawn;*
*One who has slept*
*on it's breast at night;*
*One who has measured his strengh to its height*
*One who has followed its longest trail*
*and laughed in the face*
*of its fiercest gale;*
*One who has scaled its peaks,*
*and has trod*
*Its cloud - swept summits*
*Alone with God*

# STAP HERHINNERINGE

## GOEIE MôRE SEDERBERG

*Die môreson se vlam brand klatergoud uit die Westerwand se kranse.*
*Ligtrillings bewe ver en wyd deur die Sederberg se skanse.*
*Sederbome oud en verweer leun rustig teen die rand.*
*Langs Dassiebos se kloof groei dennewoude aan al kant.*
*Die bloekoms by Algeria ruis sag soos deur die nag.*
*Middelberg se kranse hou oor die landskap wag.*
*Voor die verre horisonne bergkruine gryserig kwyn*
*Lê 'n wit waas oor die landskap soos 'n doodskleed sonder skyn.*

## OU PAD NA "OU TOL"

*Die Swartbergpas is hardekwas - dit laat my motor brul*
*Dié langasempad moet jy nie onderskat anders sal jy jou dalk verkul*
*Maar aanhouer wen en soos ek hom ken kom mens uiteindelik bo*
*'n Mooier tafereel kan mens jou nouliks verbeel,*
*wat jy sien kan jy byna nie glo*
*'n Klein entjie af om 'n draai op 'n draf skiet jou gemoed byna vol*
*Agter groot dennebome in 'n hoek teen bergsome lê jou bestemming Ou Tol*
*Dis 'n beskutting, 'n huis mens voel dadelik hier tuis,*
*jy ervaar jou't jou tyd nie verkwis*
*Want die son en die wind sal jou hou en vasbind*
*om in die landskap se boesem te rus.*

## MY OOG ERVAAR

*Al die mooi plekkies waar ek aanklank by vind*
*Word daagliks gestreel deur die son en die wind*
*Stap ek uit my huisie as die son hoog staan*
*Of raak ek snags wakker weens die skyn van die maan*
*Dan ontroer dit my hart en ek lag van geluk*
*Is daar êrens mooier vrugte wat die mensdom kan pluk*
*Daar is soveel fraai blomme te kus en te keur*
*Pluk van hul af en kyk wat gebeur*
*Een soort verwelk en sy skoonheid vergaan*
*'n Mens is maar seker van die eerste blomsoort*
*Want die son en die maan en alle mooiheid gaan voort*
*Vir my sal hul nimmer hul fraaiheid verloor*
*Want in die hemelse skuur word hul skoonheid gestoor.*

Bydrae: Hennie Booysen

*Lê en luister by 'n bergstroom na die lied van die berge -*
*die lied en blomme swaar met dou, wat dans in die wind*
*en wink na die môreson.*
*Na die lied van die voëls*
*As they greet the vendure of spring*
*Venture into the remote valleys*
*Or stand on a peak at sunrise or senset*
*Luister en jy sal die lied wat jy hoor nooit vergeet*
*Die lied van die berge.*

Annekie Nel

## HERINNERINGE

Die wonderlikste vanaf 13 September 1986 toe ons begin stap het, is die pragtige fotos wat ek na kan kyk en die heerlike herinneringe wat dit meebring.

Die fotos in my besit van die mooiste plekke in ons land die hoogste pieke waarop ek so trots is.

Ek gaan egter deur my albums blaai en kyk na my persoonlike herinneringe van my mede-stappers, met al die lief en leed, die kameraadskap, die deernis en bedagsaamheid wat my altyd sal bybly.

Vireers wil ek die jeug van ons klub in herinneringe bring. Die jongmense wat 'n pragtige bydrae gelewer het tot die sukses van ons klub. Vir my is hulle 'n liggie wat bly brand.

Daar is 'n foto van my twee helde Corne en Iwan wat my bygestaan het toe ek 'n beginner was. Vir 37km vanaf Voortrekkerhut tot by Witfontein het hulle my ondersteun soos dapper helde.

Erika 'n jonge dame was haar kop in 'n emmer en kaalbas nogal. Dan foto's wat 'n glimlag bring.

Wat van Willie en Bert se weelderige weekoud baarde op die Otter, dit was 'n spektakel om te sien.
Sonja wat die "Porcupine roll" doen, met grasie hoor!
Willie kaalbas in 'n poel water bo-op die Nuweveldberge en ook in die Wolkberg, ons was gelukkig alleen. Of was ons nie?
Dan ook die bekende "Thunder Box" in die Drakensberge waar dit moeilik is om iemand te kry om te poseer. Dit is egter die toilet met die mooiste uitsig in Suid-Afrika.
Die "groot" eet uit 'n "groot" swart pot. Potjiekos van alles wat oor is, by die pragtige Gouekranshut.
Die "groot" pannekoek bak in 'n "groot" pan by Sanddrif. Dit was lekker nê?
Dan is daar nog 'n "groot" eet uit 'n "groot" blik perskes oppad vanaf Suid-Wes Afrika. Dit was lekker na ons duur moes betaal vir 'n beskuitjie met vla op.
In die Okavango het Willie ons tentpenne ingeslaan met 'n yslike wors van 'n worsboom. Dit het gewerk hoor!
Dan was daar altyd 'n val, wat natuurlik nooit afgeneem word nie, omdat dit so vinnig gebeur.
Paula het ons vergas met 'n toneeltjie van 'n skilpad wat op sy dop lê.
Lenie wat gereeld so grasieus val en dan die nodige daarby voeg.
Tjaart het ons by vele geleenthede laat skrik, om later saam daaroor te lag. Dit was so erg dat hy later telefoondrade vir spinnerakke aangesien het!
Die enigste twee fotos van 'n "val" wat ek besit is van myself. Toe ek probeer het om 'n Makoro op die water te "bestuur". Glo my dit is nie maklik nie.
Die ander val kon studente my betyds afneem en het hulle die foto aan my gestuur. Willie het hard probeer om te keer dat die stroom water my wegspoel.
Dan was daar die benoude oomblikke.
My grootste vrees en skrik toe 'n renoster ons jaag in die Infolozi wildtuin, waar ek baie waardig en saggies geskreeu het "moenie hardloop nie" maar self lang treë gegee het na die naaste boompie. Ongelukkig nie 'n foto van die operasie, maar ek is later bekroon met 'n foto, 'n unieke foto van Swart renosters wat paar.
Dan 'n foto van 'n olifant ewe braaf, om net die volgende oomblik om te kyk en net die ander se hakskene te sien, soos hulle hardloop. Glo my ek is by hulle almal verby toe ek besef die olifant kom.

Nog 'n foto wat later benoude oomblikke gebring het is Hennie met 'n vis en Pierre met sy arikreukels. Hierdie vis was gevang in verbode gebied en het amper rampspoedige gevolge gehad nê Hennie.
Hennie het nog 'n storie met 'n vis. Hy vang 'n reuse vis en poseer met hom. Glo my hy maak nie die vis vir ons gaar nie, nee hy gooi hom terug in die Visrivier.
Willie het self ook 'n vis kaalhande gevang met baie goeie gevolge, want hy het dit verruil vir vrugte by 'n stalletjie naby St Lucia.

Die leer by Mount Aux Sources waar 'n mens gevoel het "ek gaan dit nie maak nie"
Die ketting by Gelegenfontein was iets ander. 'n Uitdaging wat die moeite werd was.
Dan het ons benoude oomblikke wat ek nie kon vaslê op fotos, maar die herinneringe is daar.
Nog 'n paar unieke fotos is.
Die halfmens plant in die Richtersveld
'n Publieke telefoon op Naudespas. Kan jy dit glo?
'n Luislang waarmee ons saamgebly het vir drie dae.
Ongelukkig kon ek nie 'n foto van die bloedwurms neem wat ons so getakel het nie.
Indien iemand van die foto's wil besigtig - kom kuier verseker!

---


How far can I walk - Annekie Nel

33 Km a day if you are in top shape and don't want to see anything more than a blur.
25 Km a day if you are in good shape and don't dawdle.
20 Km a day if you are in poor shape and want to suffer.
10 Km a day if you are in fair shape and want to enjoy yourself.
5 Km a day if your companion is an attractive person of the opposite sex and you both enjoy wild flowers.




Trails are not dirt and pebbles on a hill nor even grass and
wild birds by a lake
Trails are adventure and a hand to
still the restless pulse of life
than men would break their minds
with the weight of thinking
Trails are peace
A call to dreams
A challenge to ascent
Trails are the brisk unfolding of release,
from bitterness and from discouragement
Trails are the random writing on the wall
that tell us how every man
grow tired at heart of things correct and
ordered comes to scrawl his happy hour dawn
Then, goes home to start life over with eagerness and zest
Who builds the trail funds labors that is rest.

# VOETPADKOS



## Kampvuur-uie


4 Groot uie
4 Groot swart sampioene, gekap.
1 Koppie gaar rys
2 Teelepels hoenderekstrak
1 Teelepel droe balsem
Sout en peper na smaak.

Kook die uie 5 minute lank in sout water. Haal die binneste van die uie uit, kap fyn en meng met die res van die bestanddele. Vul uie met hierdie mengsel. Plaas mespunt botter bo-op elke ui en draai toe in twee lae foelie. Neem saam en braai langs die kampvuur vir ongeveer 20 minute.

## Ver-dra-poeding

Half pakkie Tennis-koekies.
Pakkie kitspoeding
Paar eetlepels gekapte neute
Paar eetlepels klapper.

Maak kitspoeding aan. In jou beker, bord, bakkie of varkpan, pak 'n lagie Tennis-koekies, skep kitspoeding oor, sprinkel bietjie neute en klapper oor. Herhaal proses tot varkpan vol is/ bestanddele op is / of stapmaats jou aanrand. Plaas eenkant, maar nie uit die oog nie, totdat kitspoeding geset het, en geniet. (Bestanddele is baie lig en kan op lang staptogte saamgedra word.)





# NUWE ROETES

## Ossewa Staproete

Dit is gelee ongeveer 22km wes van Patensie, in die Oos-Kaap. Dit is sitrusgebied wat baie mooi is, maar tans baie droog. Die betrokke pakstap-roete is op die plaas 'Uitsig' van Mnr Z Ferreira, genaamd Ossewa-staproete.

Hierdie is 'n besondere naam vir die plek want dit is 'n ossewapad van ouds, wat gebruik was om na Patensie te ry.

Die stap is oor ongeveer 8km, wat hoofsaaklik berg klim is met die ossewapad langs, tot by 'n oorslaaphut. Die roete is dalk moeilik vir die nie so fiks, maar is tog die moeite werd.

Daar is ook 'n hut wat ongeveer 2km van die trekpunt is, wat gebruik kan (moet) word vir die energie laai. Want daarvandaan begin die steilste deel van die roete, ongeveer 1km hardepad.

Daarna raak dit makliker; dit is natuurlik hele pad 'n tweespoorpad (ossewapad).

## Vlakvark

Die Vlakvark is 'n tweedag-roete in die immermooi Oos-Transvaal, naby Orighstad. Op albei dae gaan die roete deur pragtige klowe met riviere, en verby watervalle. Oornaggeriewe is aangebring by die beginpunt, en aan die einde van die eerste dag se stap.

Skakel mnr. Gerrie Stemmet,
Posbus 226,
Orighstad
1122
(Tel: 013231 - 858)

## ■ Kasteelberg Trail

A NEW hiking trail with overnight huts has been opened on the farm Spes Bona, in the Kasteelberg near Riebeek West in the western Cape. The trail, designed in conjunction with the Department of Nature Conservation, consists of two routes - a one hour route and a four hour route. Apart from being able to explore the unique yellowwood forest on the mountain, hikers might even be lucky enough to catch a glimpse of the endangered black eagle. Ring Mr Relihan on (0224) 22-050 for bookings and further information.



## Likkewaan

A lovely new one day hike along the Vaal River, just North-east of Parys, has recently been opened. Judging from a number of photographs of the region, it seems to be a leisurely hike. It is said that game, birds and fish are in abundance.

Contact Mr. Charles Williamson,
C/o Smilin Thru Holiday Resort,
P.O. Box 388,
Parys

# Stap Ervarings

DIE RICHTERSVELD    Annekie Nel.

*Ek skryf graag oor dié gebied, omdat min van ons klublede die geleentheid sal hê om dit te aanskou, aangesien 'n vierwielvoertuig nodig is. Hierdie ware "bergwoestyn" bly vir my een van Suid-Afrika se wonders.*

*Land inwaarts van die kus geleë tussen die mond van die Oranjerivier en Port Nolloth 'n gebied van + 3 00 vierkante myl. 'n Erbarmlike woestynbergland wat die groot boog in die benedeloop van die Oranje beslaan.*

*Die kaal berghange vertoon diep littekens van ou waterlope wat aan die eenkant in die Oranjerivier dreineer, en aan die anderkant in die rigting van die Atlantiese Oseaan vloei. Maar hulle is swygsame aandenkings van vergange eeue, toe daar genoeg water was om hulle uit te sny.*

*'n Karige reënval, gemiddeld minder as 130 mm per jaar en dikwels minder as 20 mm per jaar, maak vandag die kaal berghange skaars klam. Daar is geen standhoudende waterbronne in die Rigtersveld nie buiten 'n stroompie in die boloop van die Gonnakouriepriviér, wat vinnig in die sanderige rivierbed wegsink.*

*Op die vlakte se noordelike grens styg die Tatasgebergte steil in die lug op, deur groot stapels rotsblokke waar ons verstom staan oor die formasies. Ons bring 'n rustige nag onder die "Toon" ('n rotsformasie soos 'n toon) deur, waar daar houtagtige bome soos die kameeldoring, wilde ebbe, en abikwageelhout gevind word.*

*Die enigste plante in die gebroke veld is vetplante. Baie spesies wat hier groei, groei nêrens elders nie. Hulle sluit "steenplante" in wat skaars onderskei kan word van die klippies waartussen hulle groei, asook allerlei klein plantjies met vleserige blare wat in beskutte hoekies tussen die rotse nestel. Soms lyk dit of die klippe blom. Ongelooflik mooi!*

*Op klipperige hellings buig "halfmense" Pachypodium namaquenum hul hoofde noordwaarts om te keer dat direkte sonlig die groeipunte van hul spits stekelrige stamme beskadig. (Groei slegs 8 mm per jaar). Boomalwyne soos die kokerboom (Aloë dichotoma).en sy ander ewebeeld die basterkokerboom (Aloë piltensii) slaan bevelvoerende houdings in vanwaar hulle oor rotslegioene uitkyk.*

*Natuurlike syferwater en fonteine kom meer in die Richtersveld voor as wat besef word.*

*Na 'n "boulder hopping" van vier ure op in die Rosyntjieberge kom ons by 'n ontsaglike amfiteater. 'n Ongelooflike skouspelagtige gesig. Hier waar die Rosyntjieberge, Oems, Twaiis en Vandersterrberge ontmoet. 60 Meter hoë walle waar slegs die sterre bo jou sigbaar is met die geluid van 'n sagte waterval wat neerplons en wegraak in die sand.*

*Verderaan begroet die Ventersvalle jou met groot rotsformasies en 'n natuurlike venster waardeur ons kon kyk na n baie diep vallei. Weereens is 'n mens verstom oor die plantegroei.*

*Tussen hierdie chaotiese versameling rotse en klippe was Heitsi Eibud, die bonatuurlike held van Nama Mitologie veronderstel om eenmaal in 'n kalksteen sinkgat 50 meter diep te gewoon het. In sy afwesigheid was dit die lêplek van 'n reuse rivierslang, want die lewens ge-eis het van almal wat dit naby gewaag het. Ons kon dit egter rustig bekyk.*

*Iemand het gesê "very puzzling mountains - only passable on foot". Maar dit is voorwaar iets om te aanskou en hopelik later vir almal toeganklik sal word, aangesien die gebied deur die Nasionale Parkeraad oorgeneem is.*

## WATER — DIE LEWENSBLOED OP 'N STAPTOG

Water is belangriker as skuiling of kos: daarsonder kan niemand oorleef nie. 'n Gebrek aan water veroorsaak dat die liggaam ontwater — dit wissel van ligghoofdigheid en ernstige hoofpyne tot bewusteloosheid en, in uiterste gevalle, die dood.

Baie mense, veral kinders, weet nie altyd wanneer hulle water moet drink nie omdat hulle 'nie dors is nie'. Hou dit in gedagte en moedig almal aan om genoeg water te drink deur klein slukkies water regdeur die dag te neem. Die hoeveelheid water wat jou liggaam nodig het, hang af van hoe lank en moeilik die staptog is, asook van faktore soos liggaamsmassa en klimaatstoestande. As jy byvoorbeeld in warm, droë toestande stap, sal jou liggaam ongeveer vier liter (gelyk aan 4 kg) water per dag nodig hê om normaal te kan funksioneer. Dit is natuurlik onprakties om 'n hele dag se voorraad saam te dra; waterbottels moet dus nie net soggens by die kamp gevul word nie, maar *telkens* wanneer jy 'n waterbron teëkom.

Vervoer water in spesiale, waterdigte en ligte bottels. 'n Opvoubare watersak waarin ekstra water geberg kan word, kan nodig wees waar 'n staptog in droë of droogtetoestande aangepak word. Nog 'n item wat nuttig kan wees is 'n stuk plastiekpyp om water uit nou rotsskeure te suig.

In hierdie droë gebiede is die ekonomiese gebruik van water — drinkwater sowel as vir kookdoeleindes — van die allergrootste belang. Kies dus maaltye wat met die minimum hoeveelheid water berei kan word.

In die bergagtige areas is daar waterstrome of, as daar sneeu is, kan die sneeu gesmelt word. Vir dieselfde hoeveelheid brandstof lewer gesmelte ys meer water as gesmelte sneeu. Hou die deksel op die kookemmertjie om brandstof te bespaar.

Daar is gewoonlik nie 'n probleem as 'n mens langs damme en riviere stap nie tensy die water besoedel is of daar 'n droogte is.

### OPWAS

Tenkwater by voetslaanhutte is alleenlik bedoel vir drink- en kookdoeleindes. As jy skottelgoed wil was, gaan na die rivieroewer (hutte word gewoonlik naby water gebou) en gebruik sand of fyn gruis om jou kookgereedskap te skrop, of gebruik bio-afbreekbare seep. Moenie die vuil water weer in die rivier teruggooi nie. Onthou, wat jy teruggooi, is wat jy verderaan stroomaf gaan drink!

*There was a man from a biggish town*
*who never took his rubbish down;*
*Plastic bags, tins and orange peel*
*And we are hesitant to remind*
*that it's improper to disgrace*
*An Untouched Mountain face.*

## Wit-en-Wat.

Die "Opsaal" is ons klub se amptelike mondstuk, waarin ons in mekaar se lief-en-leed kan deel, asook inligting van belang kan boekstaaf.
Waar is al die beloftes van bydraes wat julle gemaak het? Slegs ons voorsitter het reageer. A! nee A! kom nou!
The Outiniqua trail, as known by hikers, will be altered during the 1993, 1994, National Hiking Way Board's financial year.
The section between Tierkop and Windmeulnek will be closed, as it is not viabile. The new starting point is now at the old Beerulei Forest Station. The old forester's house is being renovated to accomodate hikers on arrival. A new trail ± 14 Km, through indigenous forests and plantations, has been cleared to Windmeulnek. The trail will however be lengthened from Diep walb via Kafferkop to Harkerville, by two sections. A new overnight hut will be erected at Kaffer-Kop. The trail will end at the Harkerville starting point - overnight hut. With luck one can do the Outeniqua trail and continue on the Harkerville trail.
Die roete Witfontein - Tierkop word behou en is nou onder beheer van die K.P.A. Outenikwas, Van Kervelhuis. Hierdie gedeelte is nou bekend as die Tierkop voetslaanpad. Dit kan van beide Witfontein 17 Km of vanaf Standerstraat oor die Tuinroetedam, 10 km gestap word. Dit is 'n ideale naweekstap vir almal groot en klein.

The A.G.M was only attended by 26 members and a few guests,
Mrs. Hilda Burnett was our guest speaker, on the subject of the "Tourism Forum" which was well received.
Austin Williams was presented with a "certificate" which was signed by all present, as an award as the most ingenious hiker, for the invention of the sanitary spade. This spade was in great demand during our hike in the great Winterhoek mountains.
Op die A.G.M is ook met leedwese bekend gemaak van die afsterwe van twee van ons ervare stappers nl. Bybs Pieterse en Jane Phillips.
Hierdie twee bede het hoofsaaklik op voetslaanpaaie saam met ons gestap. Ons pakdraers sal hulle mis.
Nouja! daar word met groot verwagting uitgesien na julle bydrae vir die volgende "Opsaal".
Pos bydraes aan Annekie Nel. Posbus 7033 Blanco 6531.

---

*Graag beveel ek drie nuwe Voetslaanboeke by u aan.*

1. *Garden Route Walks - Colin Paterson-Jones*
   *(Die boek geniet ek geweldig baie. Dit is prakties en prikkelend)*
2. *Dieselfde skrywer Colin Paterson-Jones het weereens 'n treffer die lig laat sien naamlik Table Mountain Walks. Dit dek 25 stappe bo-op die berg.*
3. *'n Boek wat beide aktiewe avonturiers en leunstoelstappers daartoe sal inspireer om die stapgeleenthede in die land te gaan ontdek is Beste vloetslaanpaaie in Suid-Afrika deur Dawid Bristow*